NUUSVRYSTELLING – 16 SEPTEMBER 2008

Nasionale Boer van die Jaar, 2008 in November buite Stellenbosch aangekondig

KAAPSTAD. – Strawwe mededinging tussen boere uit die land se nege provinsies word vanjaar in die vooruitsig gestel voordat Suid-Afrika se Boer van die Jaar op 14 November tydens 'n spogdinee te Stellenrust buite Stellenbosch aangekondig gaan word.

So sê Schalk Burger, markontwikkelingsbestuur by Old Mutual en een van die hoofborge van die wedstryd van Landbouskrywers SA, wat vanjaar vir die 31ste keer aangebied word. Die ander borge is Mutual & Federal en Nedbank.

'Die land se landbougroei hang van die vaardighede van sy boere af. Nedbank is daartoe verbind om sy deel te doen om Suid-Afrika se boere te beloon en ontwikkelings in die sektor aan te moedig. Toekennings van hierdie aard toon dat Nedbank met die oog op 'n beter Suid-Afrika met kliënte in vennootskap tree,' sê Rico Basson, Afdelingsbestuurder, Nedbank Landbou-eenheid.

Die onderskeie kategoriewenners ontvang groot kontantpryse, trofeë asook sertifikate. 'Inteendeel, die prysgeld vir vanjaar is meer as dubbel wat dit al in die verlede was,' het Burger bygevoeg.

Die wenners in twee ander kategorieë naamlik die Landboukundige van die Jaar asook Opkomende Boer van die Jaar, word ook by die geleentheid aangekondig.. Verlede jaar se wenners was die Rossouw-groep van Mpumalanga (Boer van die Jaar), dr Faffa Malan (Landboukundige van die Jaar) terwyl Themba Hinana weggestap het met die louere in die kategorie vir Opkomende Boer van die Jaar.

'Hierdie gesogte kompetisie, wat al vir jare een van die hoogtepunte op die landboukalender is, is 'n duidelike aanwyser van hoe gesond en mededingend die landbou in SA is,' aldus Burger.

(Einde)